higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N300**(A)**(J4)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

DATABESTUUR: BOERDERY N5

(4090465)

4 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DATABESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings. AFDELING A moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word en AFDELING B word op die rekenaar gedoen.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS in AFDELING B is nie AANVAARBAAR nie.

6. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die herwinningsmandjie is ’n tydelike bergingsarea vir lêers wat vanaf die hardeskyf uitgevee is.

1.2 Die laserdrukker werk op dieselfde beginsel as ’n fotokopieerder.

1.3 Fragmentasie kom voor wanneer ’n lêer in verskeie sektore van ’n skyf gestoor word.

1.4 As ’n mens skywe/diskette van onbekende bronne gebruik om data uit te ruil, kan dit die voorkoming van die verspreiding van ’n rekenaarvirus tot gevolg hê.

1.5 Uitvoering van programinstruksies is ’n funksie van die SVE (‘CPU’).

1.6 E-pos is ’n laekostemanier om boodskappe te versend.

1.7 ’n Draagbare rekenaar staan bekend as ’n skootrekenaar.

1.8 ’n Stuurstok is ’n voorbeeld van ’n bergingstoestel.

1.9 'Hardeware' verwys na daardie dele van ’n rekenaar wat gesien en aangeraak kan word.

1.10 Die rekenaar se hardeware- en sagteware-instelling kan in die beheerpaneelvenster verander word.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 (Windows XP/Microsoft Excel) is ’n voorbeeld van ’n bedryfstelsel.

2.2 Die uitbreidingsnaam (.EXE/.BAT) verteenwoordig ’n uitvoerbare lêer.

2.3 Die doel van laevlakformatering is om die skyfoppervlak in basiese elemente genaamd (bane/sektore/silinders/segmente) te verdeel.

2.4 Die beheereenheid is deel van die (CPU/RAM).

2.5 Die kapasiteit van ‘n 3¾” hoëdigtheidmikroskyf is (1,44 MB/1,2 MB)

Kopiereg voorbehou

2.6 Die (sny-en-plak/kopieer-en-plak)-opdrag word gebruik om ’n lêer uit ene vouer of lêergids na ’n ander te verskuif.

2.7 ‘n (Bandkasset/skandeerder) is ’n toestel waarmee rugsteunkopieë van ’n netwerklêerbediender gemaak kan word.

2.8 Die lêertipe (.docx/.xls). word dikwels vir woorverwerkingsdokumente gebruik.

2.9 Laevlakformatering staan ook bekend as (fisiese/logiese) formatering.

2.10 Die inkstraaldrukker is ’n voorbeeld van ’n (nieslag/slag)-drukker.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

bygewerk; kopiereg; modem; plagiaat; teenvirus; lisensie; programmatuurrowery; agt; e-leser; eksterne hardeskyf

3.1 ‘n … is ’n toestel wat aan ’n telefoonlyn gekoppel word om ’n rekenaar met die internet te verbind.

3.2 ‘n … is gewild om rugsteunkopieë te maak, omdat dit weg van die rekenaar geberg kan word.

3.3 ‘n … is ’n mobiele elektroniese toestel wat hoofsaaklik ontwerp is om digitale e-boeke, tydskrifte en koerante af te laai en te lees.

3.4 Wagwoorde moet uit minstens ... karakters bestaan.

3.5 Installeer ‘n … op die hardeskyf om virusse te identifiseer en uit te wis.

3.6 ’n Teenvirusprogram moet gereeld .... word.

3.7 … beteken dat jy iemand anders se werk gebruik en dit as jou eie aanbied.

3.8 … beteken om onwettig programmatuur wat deur kopiereg beskerm word, te kopieer.

3.9 Wanneer jy ’n rekenaarprogram koop en installeer, moet jy ’n ... vir die program registreer.

3.10 … is ’n ongeregistreerde reg wat outomaties in werking tree om werk wat geskep is te beskerm.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n woord of woorde uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Leesalleen-dokument wat veilig is om oor die internet te versend	A	permanente berging
4.2	Gebruik om digitale e-boeke en e-tydskrifte te lees	B	iPod
4.3	CD-RW	C	kopiereg
4.4	Rugsteunkopie van lêers wat sedert die laaste rugsteun verander het	D	sigblad
4.5	Draagbare toestel om oudiolêers, soos MP3 en WAV, te speel	E	woordverwerker
4.6	Eksklusiewe wetlike reg om enige oorspronklike boek, liedjie, rekenaarprogram, ensovoorts te druk, reproduseer, publiseer en verkoop	F	gigagrepe
4.7	Tydelike geheue van die rekenaar	G	e-leser
4.8	Program wat syfers kan manipuleer en ontleed	H	PDF-lêer
4.9	Definieer die grootte van die rekenaar	I	inkrementele rugsteun
4.10	Program wat gebruik word om letters te tik	J	RAM

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Noem VYF maniere waarop data verlore kan raak wanneer 'n mens op 'n rekenaar werk. (5)

5.2 Verduidelik waarom rugsteunmedia van die terrein af geberg moet word. (2)

5.3 Voltooi die tabel hier onder deur die ontbrekende inligting in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

BERGINGSTOESTEL	KAPASITEIT
5.3.1	660 MB–700MB
DVD	5.3.2
USB-geheuestokkie	8 GB–128 GB
5.3.3	350 GB–2 TB (teragreep)

(3)

5.4 Wat is die VYF grootste voordele van 'n GGK/"GUI"-koppelvlak? (5)

5.5 Noem enige VYF bedryfstelsels. (5)

5.6 Noem enige VYF maniere waarop jy jou rekenaar teen virusse kan beskerm. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 6

Skryf die afkortings volledig uit.

6.1 CTS

6.2 CPU

6.3 RSI

6.4 VDU

6.5 LAN

6.6 CD-RW

6.7 USB

6.8 MHz

6.9 ASCII

6.10 IT

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

- Hierdie afdeling word op die rekenaar gedoen. Gebruik Arial 12 pt.
- Jou EKSAMENNOMMER asook die VRAAGNOMMER moet as ’n kopskrif op elke DRUKSTUK verskyn.
- Die DRUKSTUKKE wat jy wil laat nasien, moet in die korrekte volgorde in die EKSAMENLêER geplaas word.

WOORDVERWERKING

VRAAG 7

Hierdie dokument is reeds deur die rekenaardosent op die dataskyf ingesleutel en as VRAAG 7 gestoor.

Gesonde eetgewoontes versterk die liggaam sodat jou immuunstelsel infeksies wat met HIV en VIGS verbind word, kan bestry.

Energie en voedingstowwe word deur gesonde voedsel verkry. Gesonde eetgewoontes beteken om kos te eet wat jou liggaam van al die energie en voedingstowwe wat dit elke dag benodig, voorsien.

Probleme met spysvertering

Die MI-virus beskadig die voering van jou spysverteringskanaal, wat beteken dat jy dalk nie voedingstowwe behoorlik sal kan verteer en opneem nie.

Eet ’n wye verskeidenheid voedselsoorte

Maak styselvoedsel die basis van die meeste van jou etes. Eet elke dag heelwat vrugte en groente. Dierproteïene moet daagliks geëet word. Eet ook gereeld droë boontjies, ertjies en sojabone. Sluit suiker, vette en olies in. Berei jou kos op ’n veilige manier voor en bêre dit op ’n veilige plek.

Vitamien A

Dit is belangrik om jou gesond te hou en infeksies te voorkom. Vrugte wat vitamien A bevat, is geelperskes, papaja, mango’s en appelkose.

Vitamien C

Dit is belangrik om infeksies te bestry. Vrugte wat vitamien C bevat, is lemoene, nartjies, pomelo’s, suurlemoene, koejawels en mango’s.

Gesonde eetgewoontes hoef nie duur te wees nie.

Kopiereg voorbehou

7.1 Maak die dokument wat as VRAAG 7 gestoor is op en sleutel jou EKSAMENNOMMER links en VRAAG 7 regs as kopskrif in. (2)

7.2 Voeg 'n woordkuns van jou keuse bokant die eerste paragraaf in, en gebruik die volgende as die hoofopskrif:

'N GESONDE DIEET (4)

7.3 Verwyder AL die onderstreping uit AL die onderopskrifte en verander dit na hoofletters. (3)

7.4 Wend "drop-cap" op die eerste letter van die eerste paragraaf aan. (2)

7.5 Voeg 'n bladsyoorgang in voor die onderopskrif VITAMIEN A. (2)

7.6 Verander die paragrawe met die onderopskrifte VITAMIEN A en VITAMIEN C na tweekolomparagrawe met 'n lyn tussen hulle. (2)

7.7 Voeg bladsynommers onder in die middel in, en begin by 4. (2)

7.8 Verander die laaste paragraaf na kursief. (2)

7.9 Stoor die dokument, maak 'n DRUKSTUK en plaas dit in jou EKSAMENLêER. (1)
[20]

SIGBLAD

VRAAG 8

VRAAG 8A

8.1 8.1.1 Gebruik Excel om die volgende sigblad te skep. Gebruik presies dieselfde selverwysings as wat aangedui word.

	A	B	C	D	E	F
1	BROWN BROWN INKOMSTESTAAT					
2						
3		Huidige jaar	Vorige jaar	Verskil	Verskil as %	Huidige gemiddeld per maand
4	Verkope	430843	365690			
5	Koste	185000	144350			
6	Wins					
7						
8	UITGAWES					
9						
10	Algemeen	112780	97210			
11	Posgeld	643	441			
12	Totaal					
13						
14	NETTO WINS					

(3)

8.1.2 Sleutel jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 8A aan die regterkant as 'n kopskrif in. (2)

8.1.3 Pas die kolomme aan sodat al die data soos aangedui, kan inpas. (1)

8.1.4 Voeg horisontale en vertikale reëls in deur middel van die metode waarmee jy vertroud is. (2)

8.1.5 Stoor die dokument as VRAAG 8A. (2)

8.1.6 Maak 'n drukstuk van die dokument op 'n A4-portretbladsy, met ry- en kolomopskrifte. (2)
[12]

VRAAG 8B

8.2 8.2.1 Herwin die dokument VRAAG 8A en stoor dit as VRAAG 8B. Verander VRAAG 8A na 8B. (1)

	A	B	C	D	E	F
1	BROWN BROWN INKOMSTESTAAT					
2						
3		Huidige jaar	Vorige jaar	Verskil	Verskil as %	Huidige gemiddeld per maand
4	Verkope	430843	365690	**D**	**E**	**F**
5	Koste	185000	144350	**D**		
6	Wins	**A**				
7						
8	UITGAWES					
9						
10	Algemeen	112780	97210	**D**		
11	Posgeld	643	441	**D**		
12	Totaal	**B**				
13						
14	NETTO WINS	**C**				

8.2.2 Voeg selreekse A1–F1 saam en sentreer hulle, en verander die fontgrootte na 20 pt. (3)

8.2.3 Verander ry 1, 3, 8 en 14 na vetdruk. (4)

8.2.4 Pas die kolomme aan sodat AL die inligting inpas. (2)

Kopiereg voorbehou

8.2.5 Verskaf die formules en/of funksie vir selle wat met ’n letter van die alfabet gemerk is. gebruik selverwysings en absolute adresse waar van toepassing. Kopieer die formules soos aangedui om die sigblad te voltooi.

A Wins = verkope minus koste

B Totaal (uitgawes) = algemeen + posgeld

C Netto wins = wins minus totaal (uitgawes)

D Bereken die verskil tussen die huidige jaar en die vorige jaar.

E Verskil as %

F Huidige gemiddeld per maand (huidige jaar gedeel deur 12)

(6 × 2) (12)

8.2.67 Vertoon AL die bedrae as geldeenheid met TWEE desimale. (3)

8.2.7 Pas 25% grys-skaduwee, agtergrond 2 in ry 14 toe. (3)

8.2.8 Maak ’n drukstuk van die dokument op ‘n A4-landskapbladsy sonder ry- en kolomopskrifte of die roosterlyne. (2)

[30]

VRAAG 8C

8.3 8.3.1 Herwin die dokument VRAAG 8B en stoor dit as VRAAG 8C. verander VRAAG 8B na 8C. (2)

8.3.2 Vertoon al die formules en pas die kolomwydtes aan sodat AL die formules sigbaar is. (4)

8.3.3 Maak ’n drukstuk van die dokument in landskap-uitleg, sonder ry- en kolomopskrifte. Die dokument moet op EEN A4-landskapbladsy pas. (2)

[8]

Kopiereg voorbehou

DATABASIS

VRAAG 3

9.1 9.1.1 Skep 'n databasis genaamd VOORRAAD en jou EKSAMENNOMMER. (3)

9.1.2 Skep 'n tabel en noem dit NETTO WINS VRAAG 9B EKSAMENNOMMER. (5)

9.1.3 Gebruik die veldname en formatering wat hier onder aangedui word.

VELDNAAM	INLIGTING
KATEGORIE	Bestaan uit hoogstens 20 karakters
HANDELSMERK	Bestaan uit hoogstens 10 karakters
MODEL	Bestaan uit hoogstens 10 karakters
AANTAL	Getal (heelgetal)
GROOTHANDEL	Sal nie R9 999 oorskry nie
KLEINHANDEL	Sal nie R9 999 oorskry nie
DOELDATUM	Formaat (jjjj/mm/dd)

9.1.4 Stoor die inligting en maak 'n DRUKSTUK van die struktuur. Moet NIE enige kenmerke uitdruk nie. (2)

9.2 9.2.1 Sleutel die volgende rekord op die tabel in. Gebruik die volgende Afrikaanse opskrifte onder die VOORRAAD oortjie: KATEGORIE, HANDELSMERK, MODEL, AANTAL, GROOTHANDEL, KLEINHANDEL en SPERDATUM. Gebruik die volgende Afrikaanse terme in die linkerkantste kolom: BREËBANDVERSTERKER, LUIDSPREKER, BAND, DRAAI, VURK en GRAAF. (7)

STOCK

CATERGORY	TRADE MARK	MODEL	QUANTITY	WHOLE SALE	RETAIL	DUE DATE
AMPLIF	CDO	T-43	5	R 225.49	R 350.99	2016/09/11
SPEAKER	FOPS	P-65	50	R 199.00	R 249.99	2016/09/10
TAPE	RECK	RTS-3	10	R 150.39	R 251.77	2016/08/23
TURN	ZARD	78-P	8	R 595.00	R 850.00	2016/10/02
FORK	KLOP	FCX-9	5	R 89.78	R 138.34	2016/05/26
SPADE	RALS	GP-67	15	R 250.00	R 350.00	2016/03/17

9.2.2 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK van al die rekords. Die DRUKSTUK moet op 'n A4-landskapbladsy pas. (3)

[20]

Kopiereg voorbehou

9.3 Skep 'n navraag wat die volgende velde insluit:

KATEGORIE	AANTAL	GROOTHANDEL	KLEINHANDEL	WINS

9.3.1 Sorteer die inhoud van die databasis in stygende volgorde volgens WINS. (2)

9.3.2 Bereken die wins deur aantal × kleinhandel – aantal × groothandel. (4)

9.3.3 Sorteer die navraag volgens WINS in stygende volgorde. (2)

9.3.4 Vertoon die volgende op die navraagkopskrif:

VOORDEEL, EKSAMENNOMMER en VRAAG 9C. (1)

9.3.5 Stoor as VRAAG 9C en maak EEN DRUKSTUK van die vorm. (1)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou